

Onwankelbare Geloof

Hosanna se HOOP-projek

© 2020 Francois Meyer & Leonie Pretorius
Alle regte voorbehou.

www.leoniepretorius.co.za • info@leoniepretorius.co.za

Voorwoord

Onwankelbare Geloof is saamgestel om jou uitkyk op *geloof* as 'n *werkwoord* heeltemal te verander en te verryk. Ons gaan kyk na die definisie van geloof, die verskil tussen *RELIGION* en 'n *RELATIONSHIP*, God se liefdesverbond met jou as Sy kind, jou vertrouwe in die Here, en geloof in aksie.

Hoofstuk 1: Wat is geloof?

Ons staan stil by 'n paar verse uit **Hebreërs 11** om een van die grootste definisies van geloof te verstaan en verder in ons harte oop te breek.

***Hebreërs 11:1** DIE geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Geloof is 'n vaste vertroue

Net soos ons fisiese sig die sintuig is waarmee ons die materiële wêreld sien, is geloof die "sintuig" wat aan ons 'n bewys van die onsigbare geestelike wêreld lewer.

Die Bybel beveel nie 'n "blinde sprong" van geloof aan nie, maar die "rede" daarvan kan nie in 'n laboratorium bepaal word nie; dit moet geestelik verstaan word.

Hierdie vaste vertroue in God is dus 'n geestelike aspek (nes die mens uit siel, gees en liggaam bestaan – sien die grafika aan die einde van hierdie e-boek). Ons gaan ook later in die week dieper na die vaste vertroue in God kyk.

... op die dinge wat ons hoop ... van die dinge wat ons nie sien nie ...

As jy enige voorwerp voor jou vashou en dit kan sien, dan is daar geen nut vir geloof nie. Geloof is nodig vir dit wat ons nie kan sien nie en nie aan kan raak/vat nie.

Kom ons kyk kortliks op 'n wetenskaplike wyse daarna. Geloof weerspreek nie materie nie, maar dit kan verder gaan as materie. 'n Mens kan objektief bewys dat die Bybel die uniekste boek is wat ooit gepubliseer is, en dat dit die samelewing meer beïnvloed as enige ander boek, maar net geloof kan bewys dat die Bybel die Woord van God is. Daarom is dit 'n oortuiging van materie, maar nie in teenstelling met materie nie.

Geloof is 'n bewys van die onsigbare ...

Geloof is nie 'n blote geloof of intellektuele begrip nie. Dit is 'n bereidheid om DAARIN te vertrou, OP te vertrou en AAN vas te hou.

***Hebreërs 11:2** Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.*

... die mense van die ou tyd ...

Die goeie voorbeelde van godsaligheid het almal verskillende omstandighede en persoonlikhede gehad, maar almal het een ding in gemeen gehad – GELOOF.

'n Paar voorbeelde uit die Ou Testament:

- **Henog:** Deur die geloof is Henog weggeneem sodat hy die dood nie kon sien nie (**Hebreërs 11:5**).
- **Noag:** Deur die geloof word Noag op 'n Goddelike wyse gewaarsku oor dinge wat nog nie gesien is nie, en hy het met 'n Goddelike vrees (gehoorsaamheid, respek, geloof) beweeg, en 'n ark voorberei om sy

huis te red. Ons almal weet dat hierdie storie met baie water geëindig het.

- **Sara:** Sara het eers gelag in haar ongeloof (**Genesis 18:9–15**) en daarna het sy gelag in haar GELOOF (**Genesis 21:6**). Ons almal weet wat die resultate van Sara en Abraham se geloof was. Selfs die liedjie wat mense by troues sing van "kinders by dosyne" lyk soos 'n korreltjie sand in die seesand van hierdie twee mense se nageslag.
- **Josef:** Josef het melding gemaak van die groot eksodus (vertrek) van die kinders van Israel (in **Genesis 50:24**) toe hy gesê het: "God sal julle beslis besoek en julle uit hierdie land lei na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob beloof het." Hy het geweet dat God se belofte waar is! Toe Josef gesterf het, is hy nooit begrawe nie. Sy kis het ongeveer 400 jaar bo die grond gelê totdat dit teruggeneem is na Kanaän. Dit was al die jare 'n stille getuie dat Israel na die Beloofde Land sou terugkeer, net soos God gesê het. (**Sien jy hier die bewys van die onsigbare?**)
- **Moses:** Hier hoef ek nie eers te veel uit te brei nie. Ek glo jy ken Moses se verhaal baie goed. Dink maar net aan sy geloof en gehoorsaamheid en hoe kragtig God hom op verskeie maniere gebruik het.

Hierdie is net 'n paar mense uit die Ou Testament as voorbeelde, maar dink dan ook verder aan Israel se geloof toe Jerigo se mure moes val, Ragab, Gideon, Simson en Dawid se geloof. Ons gaan later hierdie week in diepte na 'n

paar van hierdie geloofshelde se stories kyk. Die feit bly staan: hulle almal se storie het hulle grootste getuienis van God se grootheid en hulle onwankelbare geloof geword.

... 'n getuienis ontvang ...

Dit is nie net die geloofshelde van die Ou Testament wat deur hulle onwankelbare geloof 'n getuienis ontvang het nie, maar ook die Jode tydens Jesus se tyd op die aarde. Hierdie Joodse Christene was moedeloos en het daaraan gedink om van Jesus en 'n kenmerkende Christendom af te sien. Hulle het 'n goeie getuienis nodig gehad, en daarom het hulle hierdie voorbeelde van geloof nodig gehad om hulle uit moedeloosheid te breek. Jesus was dan Self 'n lewende Getuie in die Nuwe Testament, en tog is daar tot vandag toe nog Jode wat vasgevang is in godsdiens terwyl hulle eintlik veronderstel is om God se uitverkore volk te wees. Daarom is dit selfs vandag nog belangrik dat ons deur ons onwankelbare geloof en liefdesverhouding met die Drie-Enige God 'n lewende getuie vir elke ander mens moet wees. Ons kyk later in die week na die verskil tussen godsdiens (*religion*) en 'n verhouding (*relationship*).

Hebreërs 11:3 *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.*

Hou hierdie vers in gedagte terwyl ek die volgende vir interessantheid met jou deel uit my toekomstige boek *Wonders van die Woord*:

*"Die skepping is gemaak van deeltjies wat onsigbaar vir ons oë is. Hierdie deeltjies staan bekend as atome. Atome is die basiese boustene van materie waaruit alledaagse voorwerpe bestaan. 'n Stoel en tafel, die lug en selfs jy as mens bestaan uit atome! Daar is 90 natuurlike atome en wetenskaplikes het ongeveer 25 ander atome geskep. Dit is eers in die 19^{de} eeu ontdek dat alle sigbare materiaal uit onsigbare elemente bestaan, maar tog lees ons in **Hebreërs 11:3** dat alle dinge wat gesien word, uit die onsigbare ontstaan het!"*

As jy glo dat God die Skepper van die hele heelal is, en dat Hy alles uit niks kon skep, hoeveel te meer moet jy dan nie glo dat Hy vir jou 'n oplossing sal gee in tye van chaos nie? Uit die gees sal dinge in die vlees manifesteer! Met onwankelbare geloof kan jy berge versit!

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld omring is deur die Woord. Dit het gebeur toe God eenvoudig beveel het: "Laat daar lig wees" (**Genesis 1:3**). Ons het hierdie skeppingsdaad nie gesien nie; ons weet dit net deur geloof. Ons weet dit ook deur rede, want ons weet dat die wêreld deur 'n intelligente Ontwerper geskep is. Weereens, dit is geloof wat verder gaan, maar nie in teenstelling met die rede of materie nie.

Geloof behaag God!

Hebreërs 11:6 *En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.*

Soveel mense sal bid vir genesing, vir finansiële deurbraak, selfs vir reën wanneer die droogtes ons tref, maar wat help dit ons bid vir iets sonder geloof? Jy mag dan dalk sê: "Ek glo dan in God," maar glo jy dat Hy 'n beloner is vir die wat Hom soek?

Behaag jy God met jou geloof, of staan jy soms in jou eie pad en blokkeer jou eie seëninge?

Hoe kanselleer ons ons gebede, geloof en seëninge uit?

Kyk na hierdie eenvoudige tabel as voorbeeld:

Waarvoor jy bid	Wat jy daarna in gesprekke sê
Genesing van 'n siekte/kwaal	"Ek het hierdie siekte ... My siekte ..." "My rugbesering sal seker nooit herstel nie."
Finansiële deurbraak	"Ek weet nie of my besigheid die Covid-19-inperking sal oorleef nie." "Dit kan seker nie slegter as nou gaan nie ..."
Bid vir reën in droogte	"Maar die weervoorspelling het gesê ..." "Ons sal seker weer met waterbeperkings te doen kry ..."

Ek glo dat jy uit hierdie voorbeelde besef dat onwankelbare geloof nie 'n *quick fix* skietgebedjie elke aand is nie. Dit is 'n daaglikse leefwyse – wat jy glo, wat jy doen, wat jy sê en waaraan jy dink kan jou geloofslewe beïnvloed. Dit is hier waar ons—reeds moet begin onderskeid tref tussen godsdienstig wees en 'n vertrouensverhouding én liefdesverhouding met ons Hemelse Vader – die Skepper van die heelal – vir Wie absoluut NIKS onmoontlik is nie.

Hoe lyk jou definisie van geloof?

Hoofstuk 2: Sonder liefde is ons niks!

Lees saam met my uit **1 Korintiërs 13**:

Die uitnemendheid van die liefde

1 *AL sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.*

2 *En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.*

3 *En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.*

4 *Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,*

5 *handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,*

6 *is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.*

7 *Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

8 *Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë — hulle sal tot niet gaan; of tale — hulle sal ophou; of kennis — dit sal tot niet gaan.*

9 *Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.*

10 *Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.*

11 Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.

12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

13 En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Liefde = verhouding

As ons kyk na **1 Korintiërs 13** se opskrif, dan lees ons **Die uitnemendheid van die liefde**. Sinonieme vir die woord *uitnemendheid* is onder andere: volmaaktheid, volkomenheid, uitmuntendheid, briljantheid, ideaal en perfeksie.

Ons sien die grootste voorbeeld van liefde in die Bybel:

Johannes 3:16 *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Was jy al ooit so lief vir iemand dat jy een van jou kinders se lewens sou gee vir daardie persoon? Ek dink nie ons verstaan aldag hoe UITNEMEND God se liefde vir ons is nie. Nog steeds is daar mense wat godsdiens en tradisie kies bo 'n lewende liefdesverhouding met die Here.

Ons lees verder in hierdie Skrifgedeelte dat ons niks sonder liefde is nie. Ons kan geloof hê, ons kan hoop hê, maar as ons nie liefde in ons het nie – met ander woorde, ook 'n liefdesverhouding met die Here – dan is alles tevergeefs.

Godsdiens (*Religion*) vs. 'n Liefdesverhouding (*Relationship*)

"Religion is a guy in church thinking about fishing. Relationship is a guy out fishing thinking about God." – Skrywer onbekend

Godsdiens kan jou gebedslewe maklik oorheers. Godsdiens kan jou daaglikse wandel met Christus maklik oorheers. Godsdiens verlam jou verhouding met God en dit belemmer ons.

Liefde kom voor in soveel vorms van verhoudings: ouer-kind, eggenote, vriendskappe, ens. Ons is heeltyd in verbinding met die mense waarvoor ons lief is en met wie ons 'n verhouding het, veral in vandag se tyd met WhatsApp, Facebook, ens.

Kom ek skep 'n scenario:

Adam en Eva is getroud. Dit is die jaar 2020 en albei werk tydens die grendeltydperk. Eva is 'n verpleegster en Adam is 'n rekenmeester wat vir eers van die huis af werk. Dit is 'n blou Maandag, want Eva moet twee skofte werk sonder baie rus intussen.

05:00

Adam maak vir Eva wakker met ontbyt in die bed: "Jy kan nie op 'n leë maag gaan werk nie, Liefie."

06:00

Eva is op pad werk toe. Sy is skaars by die hek uit, toe sien Adam haar gesigmasker lê nog op die tafeltjie in die voorportaal. Hy storm by die voordeur uit en skree: "Jy het al weer jou masker vergeet! Hier is dit."

Eva: "Ag, wat sou ek sonder jou doen?"

Adam: "Lekker werk. Sterkte vir die dag. Lief vir jou."

Eva gee vir Adam nog 'n soen en sê: "Lief vir jou ook."

09:00

Eva stuur vir Adam 'n WhatsApp: "Dol dag. Ek voel getap tussen al die pasiënte."

Adam antwoord haar terug: "Ek het 'n Powerade en Bar One in jou handsak gesit."

11:00

Adam: "Ek maak vandag vroeër klaar met my werk. Ek sal aandete maak en jou bietjie bederf vanaand."

Eva: "Jy is die beste. 'n Braaivleisie en knoffelbrood sal darem maar lekker wees!"

Adam: "Jy praat so reg in my kraal in. Ek sal hout gaan koop."

Eva: "En 'n bottel rooiwijn asseblief!"

Adam: "Natuurlik. Lekker verder werk. Sien jou later."

Eva: "Love you lots."

15:00

Eva stuur vir Adam 'n prentjie met die woorde op: "I ❤️ my husband!"

Adam antwoord terug met: "I love my wife even more!"

17:30

Eva is terug by die huis ná werk: "Sjoe, wat 'n dag!"

Adam: "Ek het vir jou 'n Radox-bad gereed gekry."

Eva: "Jy is die beste!"

Adam terg haar met 'n glimlag: "Ek gaan solank die vuur aansteek terwyl jy in die bad ontspan en al die dag se Covid afwas."

Eva lag en antwoord hom: "Ja, en al die sanitizer, want ek ruik soos een of ander disinfektant-fabriek."

18:30

Adam en Eva sit neffens die houtvuurtjie en gesels oor hulle dag, die dinge waaroor hulle bekommerd is en ook die dinge waaroor hulle dankbaar is.

19:30

Die krag is af – beurtkrag. Adam berei die tafel voor met kerse en dit lyk sommer heel romanties. Hy skep vir hulle braaivleis en knoffelbrood in en skink vir hulle elkeen 'n glasië rooiwyn. Hulle eet heerlik en kuier die aand verby, totdat hulle later in mekaar se arms aan die slaap raak ...

Wat sien jy in hierdie scenario? 'n Liefdesverhouding! Adam en Eva is die heelyd *connected*. Daar is nie 'n vooropgestelde roetine of tradisie nie. As hierdie verhouding op godsdiens gebaseer was, dan sou hulle dalk mekaar skaars gegroet het in die oggend. Dalk net vinnig mekaar se WhatsApps gelees het en in die aand 'n halfuur of 'n uur met mekaar gesels het. Maar dit is nie die geval nie. Hulle gesels selfs deur die dag op WhatsApp.

Kom ek plaas nou hierdie scenario vir jou in 'n heel ander perspektief:

Ons is die bruid van Christus ... Jesus sou sê: "Moenie op 'n leë maag gaan werk nie. En onthou, jy lewe nie net van brood alleen nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Ons as bruid storm baie keer iets geestelik onvoorbereid binne. Dan herinner die Woord ons: "Onthou die wapenrusting. Onthou die vrug van die Gees."

Jesus het dalk nie WhatsApp nie, maar jy kan 24/7 met Hom *connected* wees deur die Heilige Gees in jou. Jy kan enige tyd met Hom *chat* deur die dag. Wanneer jy getap voel, gee Hy ook vir jou 'n Powerade en 'n Bar One met die belofte: "Jy is tot alles in staat deur My wat jou die krag sal gee."

Dit maak nie saak hoe dit met jou in hierdie wêreld gaan nie. Hy belowe dan dat Hy 'n tafel vir jou sal dek – selfs in jou vyande se aangesig. Ons kan ook as bruid uitsien na die groot feesmaal wat Hy tans besig is om vir ons voor te berei in die hemel.

Wanneer jy 'n lang dag gehad het en uitgeput is, sal Hy jou lei na iets beter as 'n Radox-bad. Hy sal jou lei na waters waar daar rus en vrede is. Jy kan saam met Hom op groen weivelde gaan sit en in Sy vrede ingaan.

Dit is juis hier waar jy ook skoongewas kan word van die wêreld se "virsse". Jy kan hier jou gesigmasker afhaal en alles afwas wat op jou gespuit is.

As dit donker om jou is, soos Eskom ons soms in die duister laat, sal Hy en Sy Woord die lamp vir jou voete wees. Hy sal die kerse vir jou aansteek.

Hy het reeds vir jou 'n maaltyd voorberei met Sy bloed en liggaam. Jy kan *communion* (nagmaal) gebruik so dikwels as wat jy aan Hom dink. Luister gerus dr. Leonie Pretorius se MP3-boodskap oor *communion* by hierdie skakel indien jy vrae het oor Nagmaal: <https://soundcloud.com/user-693750204/communion>

Dit is eintlik hartseer dat iets soos nagmaal deel van *RELIGION* geword het en nie deel is van 'n verbond en *RELATIONSHIP* met die Here nie.

Godsdiens beroof ons van die liefde van God

God wil hê dat jy Sy liefde moet verstaan. Ons dink dikwels dat God wil hê dat ons iets vir Hom moet doen. Nee! Hy wil hê dat jou verhouding met Hom gekenmerk moet word deur liefde en nie verpligtinge nie. Het jy opregte liefde vir die Here? Loop jy God se liefde mis? As ons God se liefde misloop en godsdiens gebruik vir 'n "verhouding", dan kan ons uiteindelik gemeen, knorrig, veroordelend, hoogmoedig en liefdeloos wees.

Ek weet van baie Fariseërs wat sê dat hulle die liefde van God ken, maar hulle leef asof hulle in kettings is. Hulle lewe is gevul met 'n valse gevoel van veroordeling en haat. Hoekom so leef? Miskien is jy in die bediening en vrees jy die Here, gehoorsaam jy Hom, doen jy dinge vir Hom, bid jy tot Hom, maar het jy Hom regtig lief? Ons behandel God soos 'n liefdelose aardse vader.

As jou vader liefdeloos is of hy vertel jou nooit van sy liefde vir jou nie, voel dit asof jy meer moet doen om sy liefde te verkry. Klink dit soos jou verhouding met God? Het jy met die jare bitter geword? Die enigste rede waarom ons kan liefhê, is omdat God ons so liefgehad het. Het jy al daaraan gaan sit en dink? Die liefde wat jy gebruik om ander lief te hê en die liefde wat jy gebruik om Hom lief te hê, is vanweë Sy groot liefde vir jou. Ons sal nooit Sy groot liefde vir ons verstaan nie.

As jy voortaan bid, vra die Heilige Gees om jou te help om Sy liefde te verstaan. Bid vir meer van Sy teenwoordigheid. As ons met God gemeenskap het en ons harte in lyn is met Hom, sal ons Sy liefde voel. Baie predikers ken nie die liefde van God nie en het Sy teenwoordigheid verloor omdat baie opgehou het om tyd saam met Hom deur te bring. Ondersoek jouself, vernuwe jou gedagtes en soek werklik elke dag na Jesus Christus.

Hosea 6:6 Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.

Markus 12:33 ... en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers.

Romeine 8:35–39 Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

Godsdiens skryf jou voor dat jy sekere dinge moet doen

Christenskap sê dat jy nie kan doen nie, maar jy moet vertrou op die Een wat dit vir jou gedoen het. Katolisisme, Islam, ens. – elke ander godsdiens in die wêreld leer om redding op grond van werke. Christenskap is die enigste godsdiens in die wêreld waar jy uit genade geregverdig word deur geloof in Christus alleen. Godsdiens hou jou in kettings, maar Christus het ons vrygemaak.

Romeine 11:6 En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer

nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

Romeine 4:4–5 *Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.*

Godsdiens versmoor intimiteit

Dis 'n verhouding wat God begeer! Hy wil nie hê dat jy godsdienstig probeer wees nie. Hy wil hê dat jy na Hom moet soek. Woorde beteken niks as die hart nie reg is nie. Is jy betrokke by godsdiens of is jy in 'n egte verhouding met Jesus Christus betrokke? Is jou hart op soek na Christus as jy bid? Wat is 'n verhouding sonder intimiteit? Is jou gebedslewe vervelig? As dit wel so is, is dit 'n sterk bewys dat jy by godsdiens betrokke is.

Deuteronomium 4:29 *Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek.*

Matteus 15:7–9 *Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.*

Ten slotte

Ons het in die vorige hoofstuk gekyk na 'n definisie van geloof. Vandag kan ons nog 'n definisie op ons lysie byvoeg:

Onwankelbare geloof is om 'n liefdesverhouding met God as jou Vader te hê, Jesus as jou beste Vriend en Bruidegom, en die Heilige Gees as jou vertrooster.

Dit is tyd om 24/7 *connected* te wees ...

Hoofstuk 3: God se liefdesverbond met jou

Ek deel vandag 'n stukkie uit dr. Leonie se boek *Kies die Lewe* met jou. Hierdie is 'n opsomming van die nuwe verbond tussen ons en God.

Ek staan in 'n verbond – die kruis as teken met my verhouding tot Vader en my verhouding met mense.

**UIT HOM EN TOT HOM LEWE EK,
BEWEEG EK EN IS EK**

Handelinge 17:28 want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.

**DIE NAAM DAARVOOR:
DIE VERBOND OF OOREENKOMS**

Van die begin van die mens af is daar tekens gegee of opgerig. Met ander woorde, daar is lewens en tekens by betrokke. Die teken sodat die mens sou sien en daaraan herinner word dat God belowe het, en dat God verwag.

**'n Verbond tussen God en die mens,
van die ou na die nuwe.**

Eksodus 24:8 Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.

Matteus 26:28 *Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.*

Matteus 5:17 *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*

ONS VERBOND MET GOD:

- **GEHOORSAAMHEID:** Onderwerping aan die Woord

Josua 1:8 *Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*

- **GLO EN GAAN UIT VIR JESUS!**

Matteus 28:19 *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Ons hoef net 'n bietjie te gee om so baie te ontvang.

GOD SE VERBOND MET ONS (SY DEEL):

- **HY REINIG ONS**

Hebreërs 9:14 *hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.*

Hebreërs 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergiëting vind daar geen vergifnis plaas nie.

- HY GENEES ONS

Matteus 8:16 En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak.

- HY MAAK ONS VOORSPOEDIG

Maleagi 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

- HY LEI ONS NA DIE BELOOFDE LAND

Eksodus 6:8 (6:7) En Ek sal julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgehef het, om dit aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee; en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee, Ek, die HERE.

Esegiël 37:12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel.

- HY BESKERM ONS

Psalms 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

- **HY DOOP ONS MET SY GEES**

Johannes 20:22 *En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.*

DIE NAGMAAL AS VERBONDSTEKEN

Jesaja 53:

- Ons krankhede is op Hom geneem
- Ons smarte gedra
- Vir ons ongeregthede verbrysel
- Vir ons oortredinge deurboor
- Straf op Hom sodat ons vrede kan hê
- Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom

YouTube-boodskap

Kyk die YouTube-boodskap *Kies God se Verbond en Beloftes* by hierdie skakel:

<https://www.youtube.com/watch?v=eKVi51aOhcs&t=1s>

Hoofstuk 4: Al sou die vyeboom nie bot nie

Ons het vroeër na verskeie definisies van geloof gekyk en ook na 'n liefdesverhouding met die Here – Sy verbond met ons en ons verbond met Hom. Hoe sal jou pa weet wat jy nodig het as jy nie met hom gesels en hom vra nie? Hoe sal jou vriende by jou kan kuier as jy nie die deur vir hulle oopmaak nie? Hoe sal 'n berader of 'n sielkundige jou kan ondersteun as jy nie jou hart heeltemal teenoor daardie persoon oopmaak nie? Kan jy nou sien hoe belangrik dit is om 'n liefdesverhouding met God as jou Vader, Jesus as jou beste Vriend en die Heilige Gees as jou Vertrouster te hê?

Johannes 15:16 *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.*

Johannes 15:13–15 *Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.*

Johannes 14:16 *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.*

Ek deel hierdie gedig met jou wat ek 'n paar jaar gelede geskryf het:

kunstenaar se Habakuk 3

*al sou die skilderverf opraak
en uitdroog in skakerings van smart
die beeld onvoltooid bly
op die verfdoek van my hart*

*al sou die musiek vervaag
élke noot verlore gaan
en in my sug verdwyn
terwyl orkesklanke staak*

*al sou my ink ophou vloei
oor die papirus van my gees
my strofes stukkend bloei
en my siel sonder woorde wees*

*sal ek U goedheid skilder
U liefde lof besing
en van U ontferming skryf*

*Here
laat ek tog áltyd
(al sou die vyeboom nie bot nie)
van U grootheid getuig*

Dit bring ons by die Skrifgedeelte in **Habakuk 3**:

Habakuk 3:17–19 *Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil. Die Here Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.*

Die Boodskap Vertaling:

Habakuk 3:17–19 *My vertrouwe in die Here is nie afhanklik daarvan dat dit met my goed gaan nie. Al dra die vyeboom nie vye nie en is daar nie druiwe aan die wingerd nie; al misluk die olyfoes en lewer die landerye geen oes op nie; of al vrek die skape en die beeskrale is leeg, sal ek die Here met 'n hart vol blydskap dien. Ek het al ervaar hoe die Here my uit moeilike omstandighede red. Die Here wat as koning regeer, gee vir my die krag wat ek nodig het. Hy maak dit vir my moontlik om probleme sonder moeite te kan hanteer.*

Onwankelbare geloof vereis 'n vertrouensverhouding!

Ondanks die vrae wat die profeet Habakuk gehad het oor die kwaad wat gedurende sy tyd plaasgevind het, sluit hy sy gebed af met positiewe lofwoorde.

Hoe kan ons leer om op hierdie manier op God te vertrou?
As ons hierdie verse van naderby beskou, word daar enkele konsepte ontdek wat ons help om meer op God te vertrou.

Eerstens verklaar Habakuk dat hy God sal loof ongeag eksterne omstandighede.

Die opening van sy lofsang omskryf 'n katastrofe:

1. geen vrugte aan die vyebome nie
2. geen druiwe wat aan die wingerdstokke groei nie
3. geen olywe nie
4. geen opbrengste van enige aard nie
5. 'n gebrek aan skape
6. 'n gebrek aan beeste

Sien jy dat ses dinge hierdie katastrofe karakter laat aanneem?

In die Bybel simboliseer die getal 6 die mens en menslike swakheid, die euwels van satan en die openbaring van sonde. Die mens is op die sesde dag geskep. 'n Hebreeuse slaaf sou ses jaar dien en in die sewende jaar vrygelaat word. Ses jaar is aangestel vir die saai en oes van die land. Die getal 6 word ook met satan verbind in sy versoeking van Jesus. Die samevoeging van drie 6'e is die getal van die eindtyddier van Openbaring. Die getal 6 verteenwoordig die allerbeste regeringstelsel wat die mensdom sonder God kan produseer en onder die voortdurende invloed van sy vernaamste teëstander.

Habakuk kyk dus hier verby alles wat vir die mens onmoontlik is, en ná hierdie treffende beskrywing sê die profeet: "Ek sal my tog in die Here verbly."

Teenstrydig met die getal 6, dui die getal 7 op volledigheid en volmaaktheid (beide fisies en geestelik). Dit dui veral op God as Skepper – dat Hy die Skepper van alles is. Dit is net Hy wat volmaak is! Die getal 7 kom voor van Genesis tot Openbaring in die Woord van God – weereens 'n bevestiging van volledigheid.

Habakuk se vreugde was nie afhanklik van fisiese seëninge nie. Al het Habakuk uitermate verlies gely, was hy vasbeslote om God te loof. Habakuk het God se goedheid vroeër onthou en tot die slotsom gekom dat God waardig is om te prys. Die profeet het miskien nie olywe en druiwe nie, maar hy sou nooit sonder God wees nie.

Tweedens prys Habakuk God spesifiek vir redding: "Ek sal bly wees oor die God van my redding." God *kan* nie net red nie; God *is* redding.

Derdens erken Habakuk die Here as sy krag: "Die Here is my sterkte." Hierdie stelling is die sentrale fokus van Habakuk se loflied. God *gee* ons nie net krag nie; God *is* ons krag.

Ná twee uitsprake van die beslissing van die profeet (1] *ek sal jubel*; 2] *ek sal juig*) kom twee vermeldings van wat God namens hom sal bereik (1] *Hy maak my voete soos die van*

herte; 2] Hy laat my tree op hoogtes). Tussendeur vind ons "Die Here is my sterkte."

Die waarheid van God se huidige krag het veroorsaak dat Habakuk op God vertrou, selfs gedurende die moeilikste tye. Soos Habakuk, kan ons kies om God te prys selfs al is dit in die middel van chaos. Soos Habakuk, kan ons God prys vir die verlossing wat Hy in Jesus Christus bied. En deur God as ons bron van krag te sien, kan ons, soos Habakuk, op God se beloftes vertrou.

Vertroue skakel oor in 'n verantwoordelikheid wat in ons hande geplaas word. Jou geloof sal wankelrig wees sonder vertroue. Ons kan dus vandag afsluit met nog 'n definisie: Onwankelbare geloof is om jou vertroue in 'n volmaakte God te plaas en nie op jou eie menslike pogings staat te maak nie! Verstaan jy dan ook nou waarom dit so belangrik is om eers 'n liefdesverhouding met die Here te bou? Want hoe kan jy iemand met alles vertrou as jy nie vir daardie persoon lief is nie?

Hoofstuk 5: Loop op die water saam met Jesus

Hierdie hoofstuk se Skrifgedeelte kom uit **Matteus 14**.

Jesus loop op die see

22 *EN* Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur.

23 *En* nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

24 *En* die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle.

25 *Maar* in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see.

26 *En* toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreu van vrees.

27 *Maar* Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.

28 *En* Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.

29 *En* Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.

30 *Maar* toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!

31 *En* Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

32 *Daarop* klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê.

33 *Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!*

**Op watter water moet jy loop?
Wat lyk en voel vir jou onmoontlik?**

Die verhaal ontvou by die See van Galilea ('n meer), wat in die onderste gedeelte van die Jordaanvallei lê in 'n bergreeks wat tot 4 000 voet bo seespieël styg. Die meer self is 700 meter onder die Middellandse See. Een van die meer opvallende aspekte van hierdie watermassa is dat dit baie ontvanklik vir skielike en hewige storms. Hierdie storms word veroorsaak deur die koue lug wat van die berge rondom dit afvloei en bots met die warm, vogtige lug wat van die water af opkom.

Toe dit aand geword het, het Sy dissipels afgegaan na die meer, waar hulle in 'n boot geklim het om oor die meer na Kapernaum te vertrek. Teen hierdie tyd was dit donker, en Jesus het nog nie by hulle aangesluit nie. 'n Sterk wind het gewaai en die waters het onstuimig geword. Toe hulle drie of drie en 'n halwe myl geroei het, sien hulle Jesus op die water aankom, en hulle was verskrik. Maar Hy sê vir hulle: "Dit is ek; moenie bang wees nie." Toe was hulle bereid om Hom in die boot te neem, en dadelik het die boot die oewer bereik waarheen hulle op pad was.

Alhoewel hulle net 'n kort entjie sou vaar, was die storm so hewig dat die storm hulle, ondanks alle pogings om hul boot te beheer, byna vier kilometer tot in die middel van die see gedryf het. Omdat hulle die vierde waak van die nag (03:00

tot 06:00) was, het hulle nege uur lank aan hul roeispane geroei en gespartel! Hulle was heeltemal uitgeput.

Markus vertel ook dat toe die dissipels vir Jesus op die meer gesien loop het, het hulle gedink dat Hy 'n spook is. Hulle het uitgeroep, omdat hulle Hom almal gesien het en verskrik was (**Markus 6:48–50**). En dit bring ons by die tweede belangrike punt van hierdie wonderwerk. Jesus kom altyd na ons toe in die storms van die lewe. Dit herinner ons aan die woorde van God aan Jesaja:

Jesaja 43:2 *As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.*

Die Here mag dalk nie kom op die oomblik wat ons dink Hy moet kom nie, want Hy weet wanneer ons Hom die nodigste het. Jesus het gewag totdat die boot so ver as moontlik van die land af was, toe al hul hoop verdwyn het. In wese het Jesus die dissipels se geloof getoets, en dit het beteken dat elke menslike rekwisiet verwyder moes word.

Waarom het Jesus op die water geloop? Om vir Sy dissipels te wys dat die ding waarvoor hulle gevrees het, die woedende, siedende see, slegs 'n stap was om na hulle te kom. Dikwels vrees ons die moeilike lewenservarings soos siekte, verlies aan geliefdes en finansiële ontberinge, net om te ontdek dat hierdie ervarings Jesus nader aan ons kan bring.

Ons moet vra: waarom het hulle Jesus nie herken nie? Die antwoord is dat hulle nie na Hom gesoek het nie. As hulle in die geloof gewag het, sou hulle Hom onmiddellik herken het. In plaas daarvan het hulle tot die valse gevolgtrekking gekom dat Sy voorkoms dié van 'n spook is. Die punt is dit: vrees en geloof kan nie in dieselfde hart leef nie, want vrees verblind die oë gereeld vir die teenwoordigheid van die Here.

Die derde belangrike punt is dat Jesus Homself bewys het dat Hy die elemente beveel, iets wat net God kan doen. Hy openbaar hierdie waarheid aan die dissipels wat Sy goddelikheid herken en met 'n belydenis van geloof in Jesus as God reageer:

Matteus 14:33 *Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!*

Dit was die eerste keer dat Jesus deur die dissipels die Seun van God genoem is, 'n verklaring wat in werklikheid voortgebou het op wat hulle vroeër in **Matteus 8:27** oor Hom gesê het: *"En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?"*

Alhoewel hulle nog 'n lang pad in hul geestelike begrip moes loop, het die dissipels gegroei in hul geloof in die Here. Dit was ook die eerste keer dat die dissipels na bewering Jesus aanbid het. In **Matteus 2:11** aanbid die wyse manne uit die

Ooste vir Jesus. Later word gesê dat 'n melaatse Jesus aanbid het (**Matteus 8:2**). 'n Sinagogeheerser doen dieselfde in **Matteus 9:18**. Maar dit is die eerste keer dat die dissipels Hom aanbid. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hulle aanbidding by hul belydenis aansluit (**Matteus 14:33**).

En dit is wat aanbidding is, om te erken wie God is en om Hom te prys vir wie Hy is en vir wat Hy gedoen het.

Wat kan ons hieruit neem om ons geloof onwankelbaar te maak?

Daar is 'n baie bekende gesegde wat lui: *"Don't tell God how big your problem is; tell your problem how big your God is!"*

Ek deel 'n paar waarhede met jou:

- Bly verbind aan die Bron van jou geloof – Jesus, die Seun van God!
- Vrees en Jesus kan nie saam in jou boot sit nie.
- Jou geloof sal nie onwankelbaar wees as jy God as klein sien nie.
- Om geloof te laat werk, moet jy gevestig wees in 'n belofte van God.
- Knoop jou tong!
- Wonderwerke gebeur nog in vandag se tyd, maar jy het 'n verantwoordelikheid ook. Jy kan nie bid vir finansiële deurbraak en verwag die Here moet dit vir

jou stuur terwyl jy heeldag soos 'n *couch potato* voor die televisie lê nie.

Gebed

"Jesus, ek wil in U oë kyk terwyl ek oor my stormwaters loop. Heilige Gees, help my om nie af te kyk nie, maar om op my onwankelbare geloof te fokus en nie op enige vorm van vrees nie. Abba Vader, ek aanbid Jesus as DIE SEUN VAN GOD en die WONDERWERKER! Amen."

Hoofstuk 6: Moenie jou teiken mis nie!

Ons het vroeër in die week na 'n paar geloofshelde uit die Bybel gekyk. Vandag wil ek by 'n paar van hulle stilstaan.

Noag

Noag het vasgestaan in sy gehoorsaamheid teenoor God. Bly gehoorsaam aan God en Sy beloftes, al lag en spot die hele wêreld met jou. Laat die mense dan maar dink jy is mal.

Dawid

Jy sal weet wie/wat is die reuse in jou lewe. Maak nie saak hoe groot hulle voor jou staan en hoeveel wapens hulle vashou nie, staan rotsvas op jou geloof en *face* hulle met 'n *attitude* van oorwinning!

1 Samuel 17:45 Maar Dawid sê vir die Filistyn: *Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskaer, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.*

Moses

Al lê 'n watermassa voor jou, sal God die water vir jou skei en jou paaie gelyk maak.

Ragab

Ragab was 'n prostituut. Haar verhaal toon dat ons álmal vir God belangrik is. Sy het aan die "verkeerde kant" van die Jerigomuur gewoon. Jy kan kies aan watter kant van die

muur jy wil wees – vasgevang in sonde en dood, of die kant van vryheid, redding, lewe en die beloofde land!

Ragab verklaar haar geloof in **Josua 2:11** – ... *want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder.*

'n Definisie van sonde ...

Die Griekse woord *hamartia* word in die oorspronklike Geskrifte gebruik wanneer daar na sonde verwys word. Hierdie woord, wanneer dit direk vertaal en verklaar word, beteken *om die merk/teiken te mis.*

Al manier hoe jy jou teiken kan mis, is wanneer jy van jou lewensdoel – jou *purpose* – beroof word. Ons is elkeen geskape om 'n spesifieke taak op aarde vir God se koninkryk te verrig. Kyk maar net na al die geloofshelde wat ons hierdie week bespreek het.

Ek het in my eie lewe geleer dat ons soms deur slegte tye gaan sodat ons *mess* op die ou end ons *message* word. Ons *message* vorm deel van ons *purpose* – dit is ons getuienis waarmee ons mekaar bemoedig. Dit is ons getuienis waarmee ons God se grootheid en goedheid verkondig aan 'n gebroke wêreld. Dit is onwankelbare geloof in aksie.

Ek sluit af met 'n laaste paar Skrifgedeeltes as bemoediging

Geloof laat strome van lewende water uit jou binneste vloei:

Johannes 17:38 *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.*

Al voel dit vir jou of jy nie Jesus se hand in jou lewe sien nie en asof die lig aan die einde van die tunnel net nog 'n trein se hoofligte is, moet jy nog steeds glo dat Hy saam met jou is en dat Hy die volmaakte lig aan die einde van jou donker tunnel is:

Johannes 20:29 *Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.*

2 Korintiërs 5:7 *Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.*

Geloof maak jou deel van God se familie:

Johannes 1:12 *Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.*

Geloof laat die eie-ek sterf ("Here, meer van U en minder van myself"), en as jy Hom in al jou weë ken, dan sal Hy jou paaie gelyk maak:

Sprenke 3:5–6 *Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.*

Geloof maak alles moontlik. Jy begin in jou geestelike dimensie met 'n liefdesverhouding en onwankelbare vertroue in die Here. Van daar af vloei dit oor na jou sielsdimensie en word dit uiteindelik 'n *state of mind* (neem jou gedagtes daagliks gevange tot gehoorsaamheid aan God en Sy beloftes), en op die ou end sal die onsienlike in die fisiese (liggaamlike) dimensie manifesteer:

Markus 9:23 *En Jesus sê vir hom: Wat dit betref — as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.*

Geloof is eintlik nie ingewikkeld nie. Kyk maar self na Jesus se vergelyking:

Matteus 17:20 *En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.*

Mik vir jou teiken! Moenie jou teiken mis nie! Laat hierdie eendag jou woorde wees wanneer jy terugkyk na jou lewe en die *legacy* wat jy agterlaat:

2 Timoteus 4:7 *Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.*

Ek glo en vertrou dat hierdie e-boek vir jou 'n dieper kykie in ONWANKELBARE GELOOF gegee het, en dat jy werklik sal strewe na 'n groter liefdesverhouding met die Here en elke dag nuwe geestelike hoogtes sal bereik.

